higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## LEWENSORIËNTERING (IKT-KOMPONENT)

(Tweede Vraestel)

**NKR VLAK 2**

(7601012)

**15 Februarie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–11:00**

**GEEN sakrekenaars mag gebruik word nie.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 100**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Gebruik GESKIKTE toepassingsprogramme en plaas die DRUKSTUKKE (*printouts*) in jou EKSAMENOMSLAG.

5. Die tyd wat aan die begin van elke afdeling aangedui word, is 'n riglyn om kandidate te help om die vraestel betyds te voltooi.

6. Die toegelate tyd vir hierdie vraestel sluit drukwerk in.

7. Dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om werk gereeld te stoor om verlies van ingesleutelde data tydens 'n kragonderbreking te voorkom GEEN ekstra tyd word toegelaat om verlore werk te voltooi nie.

8. Indien daar 'n probleem met 'n rekenaar of drukker is, sal die toesighouer die nodige reëlings tref sodat die kandidaat met die eksamen kan voortgaan en die werklike verlore tyd sal bygevoeg word.

9. ŉ Speltoetser (‘spelling checker’) mag gebruik word.

10. EKSAMEN- en SENTRUMNOMMERS moet korrek op die EKSAMENBUITE-BLAD geskryf word en die sagtewareweergawe moet boaan die BUITEBLAD aangedui word (byvoorbeeld MS Office 2007).

11. Maak seker dat elke DRUKSTUK die VRAAGNOMMER en EKSAMEN-NOMMER volgens instruksie vertoon.

12. Geskrewe EKSAMENNOMMERS is NIE aanvaarbaar nie.

13. Punte sal NIE vir DRUKSTUKKE sonder 'n EKSAMENNOMMER en ŉ WATERMERK toegeken word nie.

14. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in dieselfde volgorde as in die vraestel gerangskik wees. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingegee word.

15. Elke antwoord moet op 'n aparte papier gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

16. Werk akkuraat aangesien punte vir insleutelfoute afgetrek word.

---

NCV

## AFDELING A: ('WORD PROCESSING')

**VRAAG 1** **TYD: 20 MINUTE**

Jy moet 'n dokument van 'n halwe bladsy voorberei oor die rol van TVET-kolleges in die ekonomiese ontwikkeling van die land.

1.1 Gebruik MS Word om die dokument in te sleutel soos aangedui. (10)

1.2 Gebruik die font Arial grootte 12. (2)

1.3 Voeg 'n kopskrif (*header*) in met jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en VRAAG 1 regsbelyn. VRAAG 1 moet in bokas vertoon word. (4)

1.4 Onderstreep die opskrif (*heading*) soos aangedui. (1)

1.5 Verander die reëlspasiëring na 1.5. (1)

1.6 Justeer die dokument volledig. (1)

1.7 Stoor die dokument as VRAAG 1 of volgens die kollege se eksamenregulasies.

1.8 Druk die dokument op EEN A4-portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

EKSAMENNOMMER VRAAG 1

DIE ROL VAN TVET-KOLLEGES IN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE LAND

- ✓ Die Suid-Afrikaanse regering het TVET-kolleges geïdentifiseer as een van die sektore wat 'n hoofrol sal speel in die verwesenliking van die doelstellings van die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030. Volgens President Zuma vorm die sukses en verbetering van TVET-kolleges deel van die ruggraat van die plan.
- ✓ Die regering hoop die kolleges sal die hoogs geskoolde en bekwame arbeidsmag lewer wat nodig is sodat die plan se 2030-doelwitte bereik kan word. As gevolg hiervan het die kolleges se toegewysde begroting die afgelope vyf jaar aansienlik gestyg.
- ✓ Volgens Minister Nzimande het TVET-befondsing deur die DHOO van R3,1 biljoen in 2009 tot R5,2 biljoen in 2014 toegeneem terwyl studentebeurse van R312 miljoen in 2009 tot R2 biljoen in 2013 toegeneem het. (Nzimande, 2013).

**[20]**

**VRAAG 2** **TYD: 28 MINUTE**

Maak die dokument oop wat as VRAAG 1 gestoor is en bring die nodige veranderings volgens die instruksies aan. (4)

2.1 Verander die vraagnommer in die kopskrif (*header*) na VRAAG 2. (1)

2.2 Verander die hoofopskrif na vetdruk en gesentreer. (1)

2.3 Verander die kolsoort (*bullet type*) soos aangedui. (1)

2.4 Onderstreep die naam Nzimande in paragraaf drie. (2)

2.5 Voeg die bykomende inligting in soos aangedui. Gebruik die fontsoort Comic Sans grootte 12. (2)

2.6 Gebruik die font ALGERIAN grootte 14 en sleutel die nuwe opskrif in. (2)

2.7 Maak die nuwe opskrifte in vetdruk en onderstreep dit soos aangedui. (2)

2.8 Nommer die programme in die Sakestudie-afdeling soos aangedui. (1)

2.9 Gebruik kolpunte (*bullets*) vir die programme in die Ingenieurstudie-afdeling. Kandidate sal gepenaliseer word as ŉ kolpuntsoort (*bullet type*) gebruik word wat verskil van dié wat aangedui is. (1)

2.10 Sentreer al die inligting in die Sakestudie-afdeling, insluitend die opskrif. (1)

2.11 Stoor die dokument as VRAAG 2 of volgens die kollege se eksamen-regulasies. (1)

2.12 Druk die dokument op EEN A4-portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

EKSAMENNOMMER VRAAG 2

**DIE ROL VAN TVET-KOLLEGES IN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE LAND**

- Die Suid-Afrikaanse regering het TVET-kolleges geïdentifiseer as een van die sektore wat ŉ hoofrol sal speel in die verwesenliking van die doelstellings van die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030. Volgens President Zuma vorm die sukses en verbetering van TVET-kolleges deel van die ruggraat van die plan.
- Die regering hoop die kolleges sal die hoogs geskoolde en bekwame arbeidsmag lewer wat nodig is sodat die plan se 2030-doelwitte bereik kan word. As gevolg hiervan het die kolleges se toegewysde begroting die afgelope vyf jaar aansienlik gestyg.
- Volgens Minister Nzimande het TVET-befondsing deur die DHOO van R3,1 biljoen in 2009 tot R5,2 biljoen in 2014 toegeneem terwyl studentebeurse van R312 miljoen in 2009 tot R2 biljoen in 2013 toegeneem het. (Nzimande, 2013).

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG) PROGRAMME

**Sakestudie**
- Bemarking
- Gasvryheid
- Toerisme
- Bestuur

**Inginieurstudie**
- Elektriese Ingenieurswese
- Padkonstruksie
- Timmerwerk
- Loodgieterswerk

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

NCV

## AFDELING B (SIGBLAD)

**VRAAG 3** **TYD: 18 MINUTE**

Gebruik MS Excel om die sigblad hier onder te skep.

3.1 Sleutel die sigblad in soos aangedui. Moet NIE die ry- en kolomopskrifte (rande) of roosterlyne insleutel nie. Dit is slegs ingevoeg om aan te dui watter selle gebruik moet word. Kandidate sal gepenaliseer word as verkeerde seladresse gebruik word. (9)

3.2 Sleutel jou EKSAMENNOMMER in kolom A ry 1 in en die VRAAGNOMMER in hoofletters in kolom E ry 1 in soos aangedui. (2)

3.3 Gebruik die font Arial grootte 12. (2)

3.4 Verstel die kolomwydte waar nodig om te verseker dat AL die inligting sigbaar is. (1)

3.5 Stoor die dokument as VRAAG 3 of volgens die kollege se eksamen-regulasies.

3.6 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-portretbladsy. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

| | A | B | C | D | E | F |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | EKSAMENNOMMER | | | | VRAAG 3 | |
| 2 | KOLLEGESTATISTIEK VIR AFWESIGHEID **EN** OPSKOPPERS | | | | | |
| 3 | | | | | | |
| 4 | SOOS PER KAMPUS VIR DIE JAAR 2014 | | | | | |
| 5 | | | | | | |
| 6 | REDE | Kampus1 | Kampus2 | Kampus3 | Kampus4 | |
| 7 | Gebrek aan belangstelling | 12 | 8 | 14 | 4 | |
| 8 | Armoede-oorsake | 15 | 22 | 16 | 6 | |
| 9 | Slegs assessering en eksamen | 10 | 9 | 11 | 10 | |
| 10 | Siekte en kwale | 1 | 2 | 1 | 4 | |

**Laat ry 3 en 5 oop**

**[15]**

**VRAAG 4** **TYD: 30 MINUTE**

Maak die sigblad oop wat jy in VRAAG 3 geskep het en voltooi die veranderinge soos aangedui. (1)

4.1 Verander die vraagnommer van VRAAG 3 na VRAAG 4. (1)

4.2 Verander die opskrif (*heading*) na font Bernard MT Condensed grootte 18**.** (1)

4.3 Verander die tweede opskrif na vetdruk. (1)

4.4 Voeg albei opskrifte saam en sentreer dit (*Merge and centre*) oor kolom A–F. (2)

4.5 Voeg die kolomopskrif **GEMIDD** in kolom F in vetdruk in soos aangedui. (1)

4.6 Voeg Verhuis/Sterftes in ry 11 in soos aangedui. (1)

4.7 Voeg die nuwe teks TOTAAL PER KAMPUS in ry 12 in, vetdruk en regsbelyn. (2)

4.8 Verander die kolomopskrifte na vetdruk. (1)

4.9 Bereken die getalle vir selle wat met pyltjies op die tabel gemerk is deur die korrekte formules te gebruik.

A **GEMIDDELD** = **TOTAAL PER REDE** gedeel deur 4**.** (5)

B **TOTAAL PER KAMPUS** = som van elke kampus (4)

4.10 Vertoon ALLE waardegetalle (*values integers*) sonder desimale. (1)

4.11 Voeg horisontale en vertikale lyne in. (1)

4.12 Verstel die kolomwydtes sodat AL die inligting vertoon word. Moet NIE die *fit-to-page*-funksie gebruik nie. (1)

4.13 Stoor die sigblad as VRAAG 4 of volgens die kollege se eksamenregulasies. (1)

4.14 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

Kopiereg voorbehou 

| | A | B | C | D | E | F | G |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | EKSAMENNOMMER | | | | VRAAG 4 | | |
| 2 | **KOLLEGESTATISTIEK VIR AFWESIGHEID EN OPSKOPPERS** | | | | | | |
| 3 | | | | | | | |
| 4 | **SOOS PER KAMPUS VIR DIE JAAR 2014** | | | | | | |
| 5 | | | | | | | |
| 6 | REDE | **Kampus1** | **Kampus2** | **Kampus3** | **Kampus4** | **GEMID** | |
| 7 | Gebrek aan belangstelling | 12 | 8 | 14 | 4 | A | |
| 8 | Armoede-oorsake | 15 | 22 | 16 | 6 | | |
| 9 | Slegs assessering en eksamen | 10 | 9 | 11 | 10 | | |
| 10 | Siekte en kwale | 3 | 1 | 7 | 4 | | |
| 11 | Verhuis/Sterftes | 1 | 2 | 1 | 4 | | |
| 12 | TOTAAL PER KAMPUS | B | | | | | |

Voeg saam en sentreer albei opskrifte

VOEG NUWE RY IN

Gebruik korrekte formule om getalle te bereken vir selle met pyltjies aangedui

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

NCV

## AFDELING C: POWERPOINT

**VRAAG 5** **TYD: 24 MINUTE**

Jy moet ŉ vertoning van VIER skyfies maak. Gebruik MS PowerPoint.

Maak die skyfies volgens die instruksies hier onder.. (4)

5.1 SKYFIE 1: Titelskyfie

5.1.1 Verander die font van die titel na Britannic Bold grootte 54. (1)

5.1.2 Voeg VRAAG 5 en jou EKSAMENNOMMER in soos aangedui. (2)

5.1.3 Onderstreep die titel van die skyfie soos aangedui. (1)

5.2 SKYFIE 2: Titel en inhoud

5.2.1 Onderstreep en maak albei subopskrifte vetdruk soos aangedui. (2)

5.2.2 Sentreer alle teks. (1)

5.3 SKYFIE 3: Twee-inhoud

5.3.1 Gebruik die font Arial Narrow grootte 28. (1)

5.3.2 Voeg kolpunte (*bullets*) in die linkerkolom in soos aangedui. (1)

5.3.3 Regsbelyn die inhoud in die linkerkolom soos aangedui. (1)

5.3.4 Nommer die inhoud in die regterkolom soos aangedui. (1)

5.4 SKYFIE 4: Slegs titel

5.4.1 Gebruik die font Arial Black grootte 56. (2)

5.4.2 Verander die sin wat begin met 'Dink voor …' na skuinsdruk soos aangedui. (1)

5.5 Stoor die aanbieding as VRAAG 5 of volgens die kollege se eksamen-regulasies. (1)

5.6 Druk die aanbieding as ŉ inligtingstuk met TWEE skyfies per bladsy op TWEE portretbladsye en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

**SKYFIE 1: TITELSKYFIE**

# **Etiese en morele gedrag**

Ken jy die verskil tussen etiese en morele gedrag?

VRAAG 5
EKSAMENNOMMER

Voeg VRAAG 5 en jou EKSAMENNOMMER in

**SKYFIE 2: TITEL-EN INHOUDSKYFIE**

**Etiese gedrag** behels respek, eerlikheid, geverdigheid, gelykheid, waardigheid, diversiteit en individuele regte. Hierdie soort gedrag is gepas in die sakewêreld.

**Morele gedrag** is die vermoë om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is. Ons leer hierdie gedrag by gesinslede en die gemeenskap waarin ons leef.

Onderstreep die subopskrifte en maak dit vetdruk soos aangedui

Sentreer ALLE inligting

**SKYFIE 3: TWEE-INHOUDSKYFIE**

Gebruik font Arial Narrow grootte 28

VOORBEELDE VAN ONETIESE EN MORELE GEDRAG

- Leuens en stelery
- Skinder
- Ontvang erkenning vir ander se werk
- Oneerlikheid in eksamens en assesserings
- Kopiëring van die internet word as jou eie werk aangebied

1. Doen die regte ding
2. Doen goed aan ander
3. Deel
4. Eerlikheid
5. Respek vir ander se besittings

Gebruik kolpunte en regsbelyn teks in linkerkolom

Nommer teks in regterkolom

**SKYFIE 4: SLEGS TITELSKYFIE**

**Jou gedrag wys waar jy vandaan kom.**

Gebruik font Arial Black grootte 56

Verander na skuinsdruk

***DINK VOOR JY DOEN!!!***

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou